

Maandag 18 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:5-11

Fokusgedeelte: 2 Korinthiërs 2:6-8

Vergewe en vertrous in liefde, tot opbou van die gemeente

Wanneer ons bely dat die kerklike tug een van die kenmerke van 'n ware kerk is (NGB Art. 29), sien ons hoe noodsaaklik dit is om die sonde aan te spreek. Maar hoe maklik maak ons nie van die tug 'n einddoel, net om lastige persone weg te kry nie? Terwyl die tug juis beoog om die sondaar te red. Daarom herinner Paulus ons dat vergifnis en liefde uiters belangrik is by die tug!

In Korinte was daar 'n lidmaat wat met sy sonde baie hartseer veroorsaak het. Met 'n persoonlike aanval op Paulus en sy geloofwaardigheid het hy nie net vir Paulus nie, maar ook vir die gemeente baie transe veroorsaak. Sy ware kleure het egter uitgekom. Hy is aangespreek en 'n tugproses het verloop. Die versoening is aan hom bedien en hy is tot bekering geroep. Die gevaar is egter dat die bestrawwing te ver kan gaan, en dit het dan ook hier gebeur. Uit Paulus se woorde kan ons aflei dat daar wel ware berou en bekering by die sondaar was. Maar in plaas daarvan om hom met vreugde en blydschap oor die bekering te omhels, het hulle steeds net bly vaskyk in sy sonde.

Ons kan net dink hoe moedeloos en bedroef die persoon moes voel! En tog doen ons dikwels ook maar dieselfde. Ons grawe telkens die ou koeie uit die sloot. As dit my pas, vryf ek maar weer die verlede in. Daarom vermaan Paulus ons en sê: Nee! Vergewe mekaar! Versoening met God werk tog ook versoening met mekaar. Vertrous mekaar, want as een lid ly, ly ons almal saam. Bevestig die liefde aan die bekeerde! Verseker mekaar telkens van God se liefde vir ons in Christus wat al ons sondes weggewas het met sy kosbare bloed en leef dit sigbaar teenoor mekaar uit.

Hoe help ons 'n broeder of suster wat in die sonde gestruikel het om weer op te staan? Vergewe en vertrous mekaar in liefde, sodat God se liefde in Christus sigbaar word in sy gemeente, tot sy eer.

Sing: Psalm 133-1:1

Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)